



## AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 8 SEPTEMBER 2024

**SESTIENDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD**

### **GEMEENTE DAGBOEK**

**GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK**

***Indiërsending***

**LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK**

**Jakobus 3:1-12; Spreuke 1:20-33;**

**Psalm 19; Markus 8:27-38**

#### **SONDAG, 8 SEPTEMBER**

##### **TOERUSTINGSONDAG**

09:00 Oggenddiens  
Kleuterkerk en Kinderkerk  
Deuroffer ten bate van: RCA (Indiërsending)  
Erediensspan 2 – Elsa Welman

- **Senior Kategese** na afloop van die oggenddiens
- **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens

#### **MAANDAG, 9 SEPTEMBER**

18:00 Kooroefening  
19:00 Sportmanne Bybelstudie  
19:00 Vroue Bybelstudie

#### **DINSDAG, 10 SEPTEMBER**

09:30 Senior Burger Bybelstudie  
18:00 Mannebybelstudie in Moederskamer

#### **WOENSDAG, 11 SEPTEMBER**

09:30 Vroue Bybelstudie  
09:30 Othello Bybelstudie

#### **DONDERDAG, 12 SEPTEMBER**

09:30 Dienssentrum vir Seniors: Moedergemeente kerksaal

Sopbeurte: Wena Janse van Rensburg, Dinky Janse van Rensburg, Dotjie Steyn,  
Elmari Schwenke-Vd Walt, Maranda vd Merwe, Etetia Conradie

## VRYDAG, 13 SEPTEMBER

09:00 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer

## SATERDAG, 14 SEPTEMBER

## SONDAG, 15 SEPTEMBER

### SEWENTIENDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD POSDAG

09:00 Oggenddiens  
Kleuterkerk en Kinderkerk  
Deuroffer ten bate van: Magdalenahuis  
Erediensspan 3 – Neels Kruger

- **Senior Kategese** na afloop van die oggenddiens
- **Gemeenteteë** na afloop van die oggenddiens

## GEMEENTENUUS

1. Ons het die volgende lidmaatskap ontvang:
  - Maarten en Elizma Den Heyer vanaf Barkly-Oos
  - Minnie Mostert vanaf Barkly-Oos
2. Banie Steyn (Klaradyn) het 'n draai in die hospitaal gemaak.
3. Dawie Maas (Othello) is steeds in die hospitaal.



## VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

08/09 Antoinette Hugo, Johan Basson, Erika Huddleston  
09/09 Willem Snyder, Yolanda Hagen, Anna-Mari Steyn  
10/09 Nadia de Kock, Paul Mulder, Lize-Mari Müller, Wena Fourie, Eduard Wessels  
11/09 Hentie Dippenaar, Kallie Pauw, Riana Niehaus, Paula Bester, Wim Truter  
12/09 Lize Bartin, Marina Rogotta, Marco Olivier, Hester Badenhorst  
13/09 Hester Hill, Lize Smit, Cedric Pretorius, Andries van Zyl  
14/09 **Ds. Chris Barnardo**, Japie du Plooy(81), Leonore Everts, Brent Basson,  
Jandré Gobregts, Willem Steenkamp(88), Angelique Steyn



## VAN ALLES EN NOG WAT

1. Ds Chris Barnardo is met verlof van 1 Sep tot 30 Sep.
2. Let asseblief daarop dat die gesinsdiens wat vir 15 September geskeduleer is, nie sal plaasvind nie.
3. Aangesien Dinsdag 24 September 'n openbare vakansiedag is, sal die kerkkantoor op Maandag 23 September 2024 gesluit wees ten einde ons personeel 'n welverdiende langnaweek te gee.
4. Die registrasie vir die tussenverkiesing van hierdie wyk vind Saterdag 7 en Sondag 8 September in die saal by die pannekoekkamer plaas.

## VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

### Reformed Church in Africa (RCA)

Ons Susterskerk, die RCA is deel van Getuienisaksie as eenheidsbediening.

Die Santhosham Gemeente is as werkring in Kaapstad gevestig binne die Rylandswoongebied.

Tans fokus dié gemeente, bekend as Living Waters, op die uitleef van die Christus-evangelie aan hul Moslem- en Hindoe-naastes in die Cravenby-area.

Hulle doen dit deur middel van vriendskapsevangelisasie, gemeenskaps-betrokkenheid, en barmhartigheidsdiens.

Die gemeente is klein en trek swaar. Hulle maak vir hul bediening in die Skiereiland besonder staat op die aktiewe meeewing, voorbidding en finansiële ondersteuning van ons NG Kerkfamiliekring.

Ds Theo Francis is tans die predikant by RCA Living Waters in Cravenby waar twee ouderlinge hom bystaan.

Verhoudings is belangrik. Ds Stephen Pedro, Diensgroepbestuurder van Getuienisaksie besoek soms saam met ds Theo Francis VGK-gemeentes.

Kom ons bid vir hierdie klein gemeentetjie in ons midde en ondersteun hulle waar nodig.

Vir meer inligting:

Kontak ds Stephen Pedro by [stephen@kaapkerk.co.za](mailto:stephen@kaapkerk.co.za)

## HULP MET BEGRAFNISSIE

Die nuwe koördineerder vir die reëlings rondom broodjies vir begrafnisse en hulp in die kombuis met die bediening van die tee, is Doutie Vermaak. Ons sê vir haar baie dankie vir haar bereidwilligheid om hierdie belangrike taak oor te neem.

Sy het egter hulp nodig. As jy bereid is om by geleentheid broodjies te maak en/of te help in die kombuis, kontak die kerkkantoor of gesels vanoggend met Doutie – sy gaan na die diens in die voorportaal beskikbaar wees.

# BLOKRAAI KOMPETISIE

Kom toets jou kennis van die Bybel en neem deel aan ons kopkrapper blokraai kompetisies. Daar is twee kategorieë naamlik laerskool en tweedens Hoërskool en volwassenes.

Daar is ongelukkig 'n fout op die Volwassenes en op die Laerskoolkinders se blokraaisels:

## VOLWASSENES:

14 AF: Spel asseblief die ontbrekende naam met slegs een "F" en nie met twee nie.

## LAERSKOOKINDERS:

16 DWARS: Spel asseblief die ontbrekende naam met "RR" en een "B" (die korrekte spelling is eintlik een "R" en "BB"). Dan sal 1 AF se vierde blokkie inpas by 16 DWARS se vyfde blokkie.

Inskrywings en pryse is as volg:

### **Laerskool: R30 per inskrywing**

Pryse: 1ste prys – R500 kontant

2de prys – R300 PNA geskenkbewys


3de prys – R200 PNA geskenkbewys

### **Hoërskool en Volwassenes: R50 per inskrywing**

Pryse: 1ste prys – R1000 kontant

2de prys – R500 PNA geskenkbewys

3de prys – R200 PNA geskenkbewys



Voltooide inskrywings kan saam met die inskrywingsgeld by die kerkkantoor afgegee word of Sondae na kerk in die voorportaal.

Kompetisie sluit die 15de September 2024 en wenners sal teen 6 Oktober 2024 bekend gemaak word.

Inskrywings sal by die kerk beskikbaar wees en ook op al die sosiale media platforms. Versprei die inligting ver en wyd, want enige iemand kan inskryf, selfs buite gemeente grense.

Vir sommige leidrade moet na die 2020 Bybelvertaling verwys word. Indien jy nie 'n 2020 vertaling het nie, gaan kyk gerus op die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se webwerf of hul selfoon toepassing. Die 2020 vertaling is daar beskikbaar, sowel as 'n soekfunksie waar bv. sleutelwoorde of name ingetik kan word en jy dan gelei word na teksverse waarin die woorde/name verskyn.

Die webwerf is [biblesa.co.za/af/bybel/AFR20/](http://biblesa.co.za/af/bybel/AFR20/)

## NUUS VANUIT DIE KERKRAADSVERGADERING

Tydens die kerkraadsvergadering van 28 Augustus 2024 is die volgende lidmate verkies tot die kerkraad:

Blokleier – Wbg Brackenfell 3: Bokkie Geyer  
Erediens en aanbidding voorsitter – Lorraine Louw

## STADSKOOR TYGERBERG

Stadskoor Tygerberg gee om vir die gemeenskap en bied 'n verskeidenheidskonsert aan ten bate van AGS Tehuis vir Bejaardes/AFM Care Village, Kuilsrivier



Datum: Sondag 15 September 2024

Tyd: 15:00

Plek: NG Moederkerk, Van Riebeeckweg, Kuilsrivier

Koste: R150 / kaartjie

Bespreek by: Marja Swart (082 441 2372) &  
Suzette van Wyk (083 263 9335)

## KOSMANDJIE

Dankie vir elkeen wat Die Kosmandjie so wonderlik ondersteun.  
Op 'n praktiese manier wys jy jou liefde vir jou naaste.  
Enigiets is welkom, veral die items wat op ons lysie verskyn.

Spenslys: koffie /tee /melk  
mieliemeel / kitsmieliemeel / hawermout  
soya(400g-pakkies) / rys  
blikkies - tamatie / tuna / groente  
grondboontjebotter

Mandjie-groete



# KLERE EN VERE

Dankie vir jul ondersteuning van ons OpWipWinkel by die KINDERKERK KONSERT!!  
Die voorraad word nou uitverkoop en die opbrengs by De Eike se basaarfonds gevoeg.

'n Pakkie serpe, musse en skryfbehoeftes is aan Kleinpoort Plaasskool naby Steytlerville ge-pos. Dankie vir elke vlytige breier én bydraer wat gehelp het om 'n arm gemeenskap 'n hupstootjie te gee.

'n Bydrae van mooi nommertjies is ook aan Cape Gate se 'Donate A Dress'-projek gegee.

Dis alles moontlik omdat julle ons bly ondersteun - DANKIE!

Groetnis  
2 Vere



&



# NUUS UIT DIE FINANSIESKANTOOR

Ek gee graag terugvoer oor die afgelope 3 maande se syfers:

	<b>Junie 2024</b>	<b>Julie 2024</b>	<b>Augustus 2024</b>
Maandelikse dankoffers	214 899	191 695	197 559
Totale inkomste	630 115	290 270	300 800
Totale uitgawes	335 680	329 308	329 019
<b>Surplus / (Tekort)</b>	<b>294 435</b>	<b>(39 038)</b>	<b>(28 219)</b>

Die Vrouedankoffer-insameling gedurende Augustus het reeds die mooi bedrag van R20 490 ingebring – baie dankie vir elke bydrae!

Die opbrengs van die Kinderkerk Konsert wat op Vrydag, 30 Augustus gehou is, was R14 450. Hierdie bedrag word egter, met die goedkeuring van die kerkraad, vir die Jeugkommissie opsy gesit vir uitbreidings aan hulle Sondagskoolklaskamers en fasiliteite.

Ons het ongelukkig by die tydperk in die leeftyd van ons kerkgebou gekom waar uitgebreide instandhoudingswerk geprioritiseer sal moet word. Die Eiendomskommissie is tans besig met 'n omvattende behoefte-bepaling waar kapitaalprojekte geïdentifiseer word, prioriteite toegeken word en skattings van die koste daaraan verbonde gedoen word. Alhoewel die detail eers later in die jaar beskikbaar gaan wees, sal daar wel aansienlike eise aan ons finansies gestel word.

Groete tot volgende maand,  
Elmari Schwenke-van der Walt

# PREEKSKETS

## TEMA – HOE GOD MENSE EVALUEER

Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: Jak. 2: 1-13



Om 'n gedenkdienste te hou, moet jy mooi luister na die familie.

- Hulle vertel jou wat jy moet weet van die oorledene.
- Wat gaan die dominee eendag van jou sê?
- Gewoonlik sê mense net die mooiste goed.
- Met een uitsondering: Hulle het Jesus gehaat, en gekruisig.
- Hoekom het Hy soveel weerstand uitgelok?
- Net omdat Hy soveel anders was!

### 1. Is ons anders?

- Dis immers wat God vra van De Eike!
- Wie is in ons oë belangrik?
- Oppas dat julle nie julle andersheid verloor nie...

### 2. God se reël.

- Jy moet immers die mindere, die dienaar wees!
- Hoe gaan jou familie jou eendag onthou vir die dominee?
- Onthou, God gee sy koninkryk vir die geringes. Die kindertjies.

### 3. Hierdie wet maak vry!

- En onthou, hierdie is nie 'n swaer wet nie. Dis *die wet wat vry maak*...
- God maak jou vry om werklik te kan *lewe*...